Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

DERDE VERBONDSMAAL EN KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

Datum en Plek: D.V. 3-6 April 2015 te Vegkop Slagveld Terrein [Heilbron / Lindley]

Ps.46:1b God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.

Geagte Volksgenoot.
Toe Jan van Riebeeck 363 jaar gelede in Tafelbaai voet aan wal gesit het, is die weg berei vir die vervulling van Sef.3 waarin die vestiging van Sy verstrooide gemeente, oorkant die riviere van Kus voorsien word, welke gemeente, wat gering en ellendig sal wees en sal deurloop onder strafgerig, by niks ander as net Sy Naam skuiling sal soek en vind.

Die huidige bestel hoon die koms van die westerling hierheen en is ons as Protestante nie welkom nie, aldus die huidige staatshoof se uitsprake vroeë die jaar in Kaapstad waartydens sy "sangoma" lofsanger met sy "uitdrywing" van Jan van Riebeeck se gees, eintlik die Heilige Gees, onder wie se leiding Van Riebeeck hierheen gekom het, gesmaad het. Daardeur het hy 'n geestesoorlog ontketen teen die aanbidders van die HERE [JHWH] - Sy gemeente hier duskant die riviere van Kus.

Hulle wat Sy aanbidders hier in Suider-Afrika vyandig gesind is, moet versigtig wees wat hulle sê en doen aangesien Goliat bedroë daarvan afgekom het nadat hy die God van Dawid gevloek het – 1Sam.17:43. Dit is ook duidelik dat die huidige bestel met hul sogenaamde grondhervormings plan, soos Agab en Isébel ook Nabot se wingerd begeer, met rampspoedige gevolge - 1Kon.21, 1Kon.22 en 2 Kon.9. Ons het egter niks om te vrees nie aangesien Sef.3 twee maal daarvan melding maak dat ons Koning in die tye van benoudheid hier by ons sal wees.

In dié tyd van die jaar dink ons veral aan ons Verlosser en is Hom ewig dankbaar dat Hy Sy Liggaam en Bloed gegee het sodat ons daardeur kan leef tot in ewigheid – Joh.6:53 "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie."

Die GKK nooi u derhalwe uit na die derde volksherdenking van die Verbondsmaal [Nagmaal]. Hierdie oproep om as Volk die Nagmaal/Verbondsmaal saam te gedenk, gaan terug na die dae van Hiskia, toe die volk uitermate afvallig was en die Tempel vir baie jare toegesluit was. Toe Hiskia koning geword het, het hy dit laat oopsluit en laat reinig. Daarna het hy die hele volk [Juda en Israel] opgeroep om die instelling van die Pasga na te kom [2Kron.28,29 en 30]. Dit was in

ooreenstemming met die opdrag aan Moses dat die volk drie maal in die jaar [tydens die feeste] voor die aangesig van die Almagtige God moes verskyn [Deut.16:16].

Christus was egter getrou aan die herdenking van die feeste en het Hy die laaste Pasga saam met Sy dissipels herdenk, en tydens dié maaltyd die Nagmaal [Verbondsmaal] ingestel. Sy gemeente is egter verplig om die herdenking dienooreenkomstig die bepalings van die Skrifte na te kom.

Dit is algemeen bekend dat Goeie Vrydag se Gregoriaanse datum jaarliks wissel. Die rede daarvoor is dat die eerste volmaan na die Maart ewening [14 Abib] die Skriftuurlike datum is waarop die Pasgalam geslag moes word. Dit is ook die datum waarop Christus die Nagmaal ingestel het en waarop Hy gekruisig [gefolter] is [Mat.26:2]. Daarom maak vandag se kalender opstellers nog steeds van hierdie spesifieke volmaan gebruik om Goeie Vrydag se datum aan te kondig. Die aand van 3 April 2015 sal dit sodanige tyd wees en die aangewese Skriftgegronde datum vir die herdenking van die Nagmaal as teken van die Nuwe Testament/Verbond – 1Kor.11:23-26.

Daarbenewens is Van Riebeeckdag ook deel van die lang naweek en word u uitgenooi om die **Gelofte van Van Riebeeck en metgeselle** te herdenk. Maandag 6 April word hiervoor afgesonder. Deur nie ons verpligting na te kom m.b.t. die herdenking van ons Volksgeloftes, kan ons verwag dat die werke van ons hande verwoes sal word, soos veral die afgelope 20 jaar ondervind word – Deut.23:21-23 en Prediker 5:3-5.

Tydens die eerste konsilie is o.a. aanvaar dat die 1933/53 vertaling van die Bybel die enigste aanvaarbare Afrikaanse vertaling is waarvan die Masoretiese Teks en die Textus Receptus dien as Brontekste. Latere Vertalings wat op bv. Westcott en Hort se Teks gegrond is, is verwerp. Verder is gekonstateer dat vermenging met andersoortige volke lei tot fisiese en geestelike hoerery en met die dood strafbaar is in terme van Op.2:12-29 [Bileamsverleiding- Num.25:1-9]. Die tweede konsilie het tot die gevolgtrekking gekom dat Siener van Rensburg ’n werktuig was in die Hand van die Lewende God. Verder is o.a. besluit dat die gebruikmaking van die lot om ons Hemelse Vader se wil te wete te kom, Bybels is; dat ons deel uitmaak van die Uitverkore volk van God 3 Enig en dat ons as volk vir mekaar ruimte moet maak m.b.t. die eervolle gebruik van die Hebreeuse/Griekse Heilige Name. Die volledige besluite van die konsilies is beskikbaar op: www.volksvergadering.co.za

Verbondsmaal / Nagmaal

Vrydag 3 April

18h00	Elke gesin bring hul eie voorafbereide maaltyd asook hul ongesuurde brood en vrug van die druiwestok saam waartydens die herdenking van dié instelling sal plaasvind. Navrae- sien besonderhede op briefhoof.
19h00	Herdenkingsrede

KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK

Die taak van die konsilie is onder andere om eietydse Godsdienstige vraagstukke binne die volk aan te spreek, asook om leiding in dié verband te gee.
Hiermee die sakelys:

Saterdag 4 April

08h00- 09h00	Opening, verwelkoming en ordening.
09h00 – 09h30	Die beliggaming van die Messias in die toekomstige teokratiese bestel vir die Geloftevolk – Jann
09h30 – 10h00	Bespreking
10h00 – 10h30	Blaaskans
10h30 – 11h00	Ontleding van Godsdienstige charisma – Johan
11h00 – 11h30	Bespreking
11h30 - 12h00	Kalenders sedert die vroegste Bybelse tye – Johan
12h00 - 12h30	Bespreking
12h30 - 13h30	Ete – selfvoorsienend.
13h30 – 13h50	Oorsprong van huidige name van die week – Phillip
13h50 – 14h10	Bespreking
14h10 - 14h50	Die Henog Kalender
14h50 – 15h15	Bespreking
15h15 – 15h45	Blaaskans
15h45 – 16h30	Philo en Josephus se getuienis van kalenders - Phillip
16h30 – 17h00	Bespreking
17h00	Dag afsluiting

Sondag 5 April

08h00 – 09h00	Opening, verwelkoming en ordening.
09h00 - 09h45	Saterdag as rusdag – Dolph Buhrman
09h45 – 10h15	Bespreking
10h15 – 10h45	Blaaskans

10h45 – 11h30	Sondag as rusdag - ?????
11h30 – 12h00	Bespreking
12h00 – 12h45	Die kalender volgens Gen.1:14-18 – Flip
12h45 – 13h45	Ete – selfvoorsienend.
13h45 – 14h15	Bespreking
14h15 – 15h15	Opstel van teksregister vanuit Bybelse- en ander bronne as riglyn vir die evaluering van kalenders.
15h15 – 15h45	Blaaskans
15h45 – 16h00	Dag afsluiting
16h00	Komitee vergadering

Maandag 6 April

08h00 - 08h30	Opening, verwelkoming en ordening.
08h30 - 09h30	Geloftediens ter nagedagtenis van die Gelofte van Jan van Riebeeck en metgeselle – Dr. Ronnie van der Merwe
09h30	Afsluiting van Konsilie.
10h00 -	Komitee vergadering.

VERBLYFPLEKKE: Die Vegkop terrein is geskik vir kampering maar voorsien nie elektrisiteit nie. Ablusie geriewe is beskikbaar. – Skakel Abel by 079 045 4569.

A. IN HEILBRON

1. **96 On Breë Gastehuis;** Chrismarie: 084 254 9221 / 076 615 2703; hgreeff@skysat.co.za
2. **Villa Bonheur;** Petro: 083 308 9159; merlex@phillaw.co.za
3. **Dorpshuis Gastehuis;** Pierre: 058 853 0454 / 084 555 6222; dorpshuis@skysat.co.za

B. NA AAN VEGKOP:

1. **Lekkerlag Landgoed**; Lien Mouton: 082 573 4230; lienmouton@gmail.com
2. **Lalapanzi Lodge**; Andries en Riana Swart: 076 566 6464 of 082 344 2086; ranaswart@gmail.com
3. **Gastehuis**; Sam Brayshaw: 084 603 3853; sambray@skysat.co.za